



De Rust Graskarp Plaas

Tel: 023 – 616 2444
Faks: 086 – 544 7505
Epos: info@outdoorarena.co.za
Webwerf: www.grasscarp.co.za
Posbus 256, Bonnievale, 6730

DIE GEBRUIK VAN GRASKARP IN WATERPLANT BEHEER

Voor die uitplasing van Graskarp, en jaarliks daarna, is biomassa bepalinge en die ondersoek van u waterbronne van die uiterste belang. Hierdeur word spesifieke gebruikse modelle vir die vis ontwerp om sodoende die beste resultate in die beheer van waterplante te behaal.

Ons het 'n vraelys opgestel wat help met die ondersoek na 'n geskikte model vir u waterbronne. Dit help dat ons minder konsultasie tyd gebruik vir die insameling van inligting, wat beteken dat u vinniger vis kan ontvang vir die beste resultate.

Die gebruik van Graskarp in die beheer van waterplante hou baie voordele in:

- Hulle beheer plante koste effektief (goedkoper as met gif of meganies).
- Dit is veiliger en meer omgewings vriendelik as beheer met gifstowwe.
- Die lang leeftyd van die vis verseker beheer oor baie jare.

Faktore wat in ag geneem moet word met die gebruik van Graskarp:

- Graskarp kan effektief benut word onder verskeie toestande.
- Die vis oorleef wye temperatuur verspreidings en klimaats toestande. Hulle voedings patrone word egter beïnvloed deur water temperatuur en seisoen.
- Die vis is selektiewe vreters en sal sekere plante bo ander verkies. Waterplant gemeenskappe moet bestudeer word en 'n gebruikse model daarvoor ontwerp word.
- Graskarp groei vinnig, word baie groot (tot 15 kg.) en lewe redelik lank.
- Afhangende van die toestande word 20 tot 30 vis gewoonlik per hektaar uitgeplaas.
- Te min vis sal wynig effek hê terwyl te veel die plant dekking kan uitwis. Dit kan lei tot troebelheid en verswakking van water kwaliteit met versteuring van die ekologie.
- Waterplant verwydering kan lei tot water verryking in geslote stelsels deurdat voedingsstowwe wat in die plante vasgebind was vinnig in die water vrygestel word.
- Graskarp sal uit water stelsels migreer indien die geleentheid hom voordo.
- Graskarp kan ander spesies beïnvloed. Deur die korrekte bestuur kan die invloed voordelig gebruik word om ander spesies te akkommodeer.
- Baars, voëls en otters kan Graskarp vreet as die regte grootte vis nie gebruik word nie.

Huidige pryse (2010) vir gesertifiseerde steriele en siekte vrye Graskarp (pryse onderhewig aan verandering sonder voorafgaande kennis) is:

• 15 cm vis	R 77,00 elk
• 20 cm vis	R 113,00 elk
• 25 cm vis	R 144,00 elk
• 30 cm vis	R 170,00 elk
• 40 cm vis	R 195,00 elk

Pryse sluit konsultasies, permit aansoeke, verpakking, vervoer en BTW uit.

**DIE DE RUST SPAN IS SUID AFRIKA SE GRASKARP KENNERS.
KONTAK DE RUST GERUS VIR ENIGE VERDERE INLIGTING.**

Vloei die bron / dam in die rivier in	
---------------------------------------	--

INLIGTING OOR DIE WATERBRON / DAM

Geskatte lengte, breedte en diepte				
Geskatte volume v/d waterbron				
Hoe kry die bron / dam sy water <i>bv. oop stroom, pyp, deur pompe ens.</i>				
Hoe verlaat water die stelsel <i>bv. oop stroom, pyp, deur pompe ens.</i>				
Gemiddelde invloei volume		Per dag	Per maand	Per jaar
Gemiddelde uitvloei volume		Per dag	Per maand	Per jaar
Waarvoor word die dam gebruik <i>bv. besproeiing, drink water ens.</i>				
Wat se % v/d dam se oppervlakte het waterplante				
Gee 'n kort beskrywing v/d plante <i>(blaar vorm, blomme, kleur ens.) (heg foto / skets aan indien moontlik – 'n fotostaat van die plant kan ook gebruik word om die groeivorm aan te dui)</i>				
Het u al die plante probeer beheer en deur watter metode/s				
Is daar enige vis in die bron / dam				
Wat se soort vis kom voor				
Is daar otters in die omgewing				
Wil u die dam gebruik vir hengel				
Aantal Graskarp benodig (los oop indien u 'n aanbeveling verkies)				
Grootte vis wat u verlang (los oop indien u 'n aanbeveling verkies)	15 - 20 cm.	20 - 25 cm.	25 - 30 cm.	

Mag De Rust voortgaan met die reel van die nodige Graskarp permitte na aanvaarding van kwotasie? (LW: permit aansoeke word teen R 100 per permit gedoen)	JA	NEE
	Merk met X	

GETEKEN

--

DATUM

--